DIE GEREFORMEERDE

Vroueblad

NOVEMBER 2017

RUS – 'N GODDELIKE OPDRAG

EK SAL JULLE RUS GEE

ALLEENVROU

PRYSE:
SELF-AFHAAL: R 17-82
GROEPE (POS): R 26-00
INDIVIDU (POS): R 28-00
ELEKTRONIES: R10-37

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Inhoud

November 2017

Gereeld

3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat: GK Frankfort
5 Sodat my huis kan vol word

In-diepte

6 Rus – 'n Goddelike opdrag
8 Ek sal julle rus gee

Leefdinge

10 Om geestelik te rus
12 Om rustig te slaap
14 Teks & Vers: Rus
15 Teks & Vers: Dagboek
16 Boekeblad:
18 Bybelse berading: Dr. Trudie
20 Fokus op die vrou van vandag: Die alleenvrou in die gemeente
22 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by GK Thabazimbi
24 Gemeente-Mosaïek: Die Montanapoorters en die Namibianers
26 Gemeente-Mosaïek: Saamtrekstreke 2018
27 Gemeente-Mosaïek: Saamtrekwenke & Bybelstudie
28 Resepteblad: Hoenderkamppot
29 Lees in Des'17/Jan'18
29 Gemeentedagboek
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Die mens, geskape verhoudingswese: Met haar tieners
32 Kaleidoskoop November 2017

REDAKSIEKOMMISSIE:

REDAKTEUR Cobie Steyn
ASSISTENTREDAKTEUR Griet Swanepoel
GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG Karien Brink
SEKRETARESSE Marlette van Rooyen
WEBREDAKTEUR Grietjie Prinsloo
ADDISIONELE LEDE Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal

Posadres:
Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157
E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com
Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za

Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

Intekengeld:
• VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): R196 per jaar
• ELEKTRONIESE INTEKENING: R114 per jaar
• VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): R247 per jaar
• VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): R308 per jaar
HIERDIE TARIEWE GELD VANAF 1 JULIE 2017 TOT 30 JUNIE 2018.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)

Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

Ander Publikasies van die Gksa:
• Die Kerkblad
• Die Slingervel (Laerskoolkinders)
• Die Kruispad (tieners en jongmense)

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons *Facebook*blad en vertel vir ons wat doen jy om aan die einde van die jaar ontslae te raak van al die stres en spanning. Wat doen jy om waarlik tot rus te kom in die Here?

JAARGANG 72 NOMMER 6

EK SAL JULLE RUS GEE...

brief van die redakteur

"By God alleen is rus te vind;
van Hom alleen kan uitkoms kom.
Hy is my rots, Hy is my vesting.
Hy het my vas aan Hom verbind,
ek voel my veilig net by Hom;
dáár staan ek vas; Hy is my redding."
(Psalm 62-2:1)

Liewe gelowige vrou,

Novembermaand – dié tyd van die jaar wat baie van ons voel die jaar was soos 'n swaar goederetrein wat met sy ysterwiele dwarsoor jou gery het. Tog hou die eise van ons gejaagde lewe nie op teen die einde van die jaar nie – inteendeel, dringende spertye dryf jou by die werk, as jy 'n gesin het skryf die kinders tien teen een nou eksamen en loop die spanning soms hoog by die huis, jy weet daar is nog baie goed wat moet klaarkom sodat julle net kan wegkom om te gaan rus in Desember.

Daardie eerste week van die vakansie besef jy: ten spyte van die see en die heerlike laat slaap kom die onrus in jou hart en kop nóg nie tot bedaring nie. Jy wil sommer uitroep soos Totius in sy gedig *"Repos ailleurs"* – die rus is elders!

Inderdaad is dit so: Wáre rus, sielerus ís elders.

Ware rus is by God alleen te vind – soos wat Dawid bely in Psalm 62: 2: "Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding." Die wonderlike van hierdie ware rus waartoe Jesus Christus ons uitnooi wanneer Hy sê: "Kom na my toe, almal wat uitgeput en belaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matt. 11:28), is dat Jesus self hierdie rus vir ons verwerf het deur sy kruisdood. Hy het ons gered van die ewige dood en onrustigheid van sonder-God-te-wees. Deur die Heilige Gees word ons verseker van hierdie ware rus in God, te midde van ons deurmekaar land wat vir ons so hooploos lyk, te midde van my eie swaar omstandighede, my liggaamlike moegheid, my depressie, my uitputting vanwëe die 2017-goederetrein wat oor my gery het.

Dit is oor hierdie ware rus wat ons skrywers gebid, gedink en geskryf het. Mag jy wanneer jy hierdie uitgawe lees, tot rus kom aan die voete van jou Vader wat jou deur sy Seun Jesus Christus reeds verseker het van die ewige rus in Hom.

Rus en vrede in die Here vir jou toegebid. Tog volgende maand dan.

Cobie Steyn

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

EK SAL JULLE RUS GEE

DEUR JACOMIEN ZWEMSTRA

LIDMAATPRAAT

Annetjie Potgieter:

Ware sielerus kan ons by geen mens op aarde kry nie. Kalmte en rus kom slegs van ons hemelse Vader af. Ons lees nie verniet in sy Woord dat Hy ons bekommernisse op Hom neem nie. Sy juk is sag, sy las is lig. As ons tyd het om te bekommer, het ons tyd om te bid. Gebede word op sy tyd verhoor.

Het julle al gewonder hoeveel keer op 'n dag hoor 'n mens hierdie dialoog:

"Hallo, hoe gaan dit?"

"Goed dankie, en met jou?"

"Goed. Net besig!"

Ons is altyd besig! En ons is altyd moeg! En as ons nie besig is nie, dink ons daar is fout, of ons soek 'n verskoning soos: "Ons het so hard gewerk! Ons verdien 'n ruskansie!"

Wanneer ons Matt.11:28-30 lees, kan ons dink dat Jesus hier praat met mense soos ons – mense wat oorwerk en altyd moeg is: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."

Maar wanneer ons in die Nuwe Testament oor "juk" en "las" lees, het dit 'n baie spesifieke betekenis. In Matt. 23:4 sê Jesus dat die Fariseërs en Skrifgeleerdes swaar laste op mense se skouers sit, maar self wil hulle dit nie dra nie. In Hand. 15:10-11 sê Petrus dat hulle 'n juk op die heidennasies lê wat hulle voorvaders nie in staat was om te dra nie.

Ek wens ek was goed genoeg

Jesus praat dus met mense soos ons, maar Hy praat oor die oorsaak van ons uitputting. Dit is nie ons baie werk nie, maar ons rusteloosheid om goed genoeg te probeer wees. Dit is die las wat ons op onsself plaas, omdat ons wil bewys dat ons die dinge doen wat die wet sê.

Maar ons weet mos dat ons deur genade gered word en nie deur die wet nie. Tog leef ons dit nie altyd uit nie. Ons verstaan ook nie altyd die invloed wat dit op ons lewe moet hê nie. Ons het almal die ingebore wete dat ons perfek moet wees en ons is nie. Selfs ongelowiges weet dit. Ons weet dat ons nie aan die standaarde voldoen nie en dit maak ons rusteloos. En dan soek ons 'n manier om onsself te bewys.

Jesus se voldoening vir ons ewige rus

Ons kan nie onsself bewys nie. Maar Jesus het dit vir ons gedoen, en dit is hoekom Hy sê ons moet sy juk op ons neem.

Reeds in die Ou Testament kry ons die belofte dat God vir ons rus sal gee. Jesaja 40: 28-31 vra: "Weet jy dan nie?" en dan kom die antwoord: "Die Here is die ewige God...Hy word nie moeg nie...Hy gee die vemoeides krag, Hy versterk die wat nie meer kan nie..." Ook die Psalms is vol met beloftes van rus.

God is van ewigheid af dieselfde. Hy gee ware rus, want Jesus het alles vir ons gedoen om ons perfek te maak vir die ewige rus. Ons moet aanvaar dat Hy die weg, die waarheid en die lewe is. Ons hoef niks te doen om onsself te bewys nie. Ons hoef nie goed genoeg te wees. Dit is hoekom sy juk sag is en sy las lig is.

Hoekom word ons dan elke keer weer so moeg?

Omdat ons vergeet wat Jesus vir ons gedoen het. In Heb. 3:16-4:11 verduidelik die skrywer dat die Sabbat en die beloofde land net 'n vooruitsig is na die ewige rus. God het hierdie dinge in die wêreldgeskiedenis ingewerk om vir ons prentjies te wees van die wonderlike ewige rus wat op ons wag.

Volgens Heb. 3:19 is dit ongeloof wat voorkom dat jy die rus kry. Die rus wat ons nou ervaar is dus net tydelik, dit is nie die ewige rus nie, maar ons kan nou reeds iets daarvan sien. Ons ontneem onsself daarvan wanneer ons nie in Jesus se redding glo nie. Of wanneer ons die gevolge van sy redding vergeet en dan onsself probeer bewys. Ja, ons glo met ons harte dat Jesus alles vir ons gedoen het, maar ons lewe asof ons onsself moet bewys. Ons laai take op onsself sodat ons vir almal kan wys en vertel hoe besig ons is, want dit is die mode van die tyd. As jy nie oorwerk is nie, voel dit nie reg nie.

God het gesê dat ons moet werk – en ook dat ons hard moet werk. Werk was reeds deel van ons lewens voor die sondeval, maar God het nie gesê dat ons onsself moet oorwerk om iets te bewys nie. Hy het "werk" en "rus" saam ingestel. Nadat God in ses dae alles geskep het, het Hy die sewende dag gerus en dit as gereelde rusdag ingestel (Gen. 2:2-3).

In Matt. 11:29-30 gee Jesus ons die belofte van rus twee keer: "Ek sal julle rus gee." En "julle sal rus kry vir julle gemoed." Maar Hy gee ook drie opdragte: Kom na my toe, neem my juk op julle en leer van My.

Wat moet ons doen om hierdie rus te verkry?

Ons moet na Jesus toe gaan, ons moet ons sondes voor Hom bely en erken dat net Hy ons kan red van ons onvermoë om perfek te wees. Ons moet sy juk van liefde op ons neem. Sy wet is liefde vir God en liefde vir ons naaste. En ons moet leer van Hom. Deur sy Woord te bestudeer kan ons Hom waarlik leer ken en leer lewe soos Hy dit wil hê. Dit wat ons uit die Woord leer is ook nie moeilik om te verstaan nie, wanneer ons op Christus vertrou sal Hy dit ook aan ons openbaar. Hierdie belofte kry ons in Matteus 11:25-27. Jesus loof God omdat Hy hierdie dinge vir geleerdes verberg en aan eenvoudiges bekendmaak. En Hy sê ook dat Hy dit aan ons kan bekendmaak.

Ware rus

Slegs wanneer ons na Jesus gaan sal ons ware rus ervaar – ware rus wat 'n mens nie deur 'n Desembervakansie kan kry nie. Ware rus wat ons laat uitsien na die ewige rus in God se teenwoordigheid. V

Fokus op die gelowige vrou van vandag

Die alleenvrou in die gemeente

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matt. 11:28).

Ons is "kerkvriende". Ons werk saam by funksies en gesels dikwels Sondae by die tee. Ons deel in mekaar se wel en weë, maar kuier nie by mekaar nie. Skielik is hulle nie Sondae by die kerk nie. Terwyl ons weg was, is haar man oorlede...

Deur Hannatjie Vorster

Ek stuur 'n *sms* wat sy op haar eie tyd kan lees. Haar naby mense ondersteun haar in die eerste weke na haar man se dood. Ek loop haar by die kerk raak, en skielik is ek ongemaklik. Alle woorde voel vir my na clichés. Ek gee haar 'n drukkie, onmagtig om wat ek voel aan haar oor te dra. Toe ek daaroor nadink besef ek dat baie van ons sosiaal lomp is rondom iemand wat smart beleef.

Weke word maande. Ek sien haar so dan-en-wan Sondae, maar sy kom al hoe minder saam tee drink. By die gemeentefunksie kom lewer sy kos af, maar ry dan weer. Haar plek in die kerk is egter selde leeg. By God voel sy tuis.

Ek begin die alleenvroue in die gemeente raaksien. Daar is baie. Sommige se mans is lankal oorlede, ander meer onlangs. Sommige het die moeisame pad van 'n egskeiding geloop. Ander is gewoon alleenlopend. Party se geskiedenisse ken ek nie.

My gedagtes bly by die weduwees. Stap ons gemeentes 'n lang genoeg pad saam met hierdie vroue?

Ondersteun ons hulle genoeg na die eerste weke verby is? Help ons hulle om hulle pad te vind as alleenvroue in die gemeenskap van gelowiges? Ek kom agter my man se deelgenootskap aan ons geloof is soos 'n skild om my – selfs wanneer ek iets alleen bywoon.

Ek het nie antwoorde nie, want ek is nog nie self deur die meule nie. So word die gedagte gebore om twee vroue wat 'n paar jaar gelede hulle eggenote verloor het te vra om 'n paar gedagtes neer te skryf. Terwyl ek hulle bydraes lees, besef ek hoe swaar hierdie pelgrimstog na die verlede vir hulle was. Die hartseer en swaarkry bly vlak lê.

Ek raak net enkele gedagtes wat hulle met my gedeel het, aan:

- Ons beleef die wonder daarvan dat die Here twee mense tot een saamvoeg in die huwelik. Die dood, wat deur die mens se gebrokenheid die wêreld binne gekom het, ruk dan eintlik 'n deel van jouself weg. Dit laat ook die gelowige gewond agter. Tog beleef 'n gelowige ook die troos van die Heilige Gees.
- Tydens die helingsproses is daar gelyktes, hoogtes en dieptes. Ons moet verstaan dat 'n weduwee soms moet kan huil en hartseer wees sonder dat mense haar laat voel sy verwerk nie die dood van haar eggenoot goed nie. Die verlies is intens, sommige dae meer as ander dae. Tegelykertyd moet mense dit ook aanvaar as sy soms sê dat dit met haar goed gaan. Midde in haar smart ervaar sy die troos van die Heilige Gees en die liefde van die mense om haar. Terwyl sy verskeurd is, kan sy ook vrede hê, en vind sy rus by die Here. Ons moet respekteer waar die persoon op daardie oomblik is. Wanneer sy sê: "Dit gaan goed met my," moet ons nie reageer met: "Sê my nou regtig hoe dit met jou gaan" en so die persoon eintlik dwing om die seer in haar hart te besoek nie.
- As ons weens die ongemaklikheid wat ons voel wanneer iemand diep beproef word draaie om hulle loop, maak juis dít seer. Die beproefde voel dit aan en verloor uiteindelik vrymoedigheid om tussen mense te kom en onttrek dan.
- "Dit is nie nodig om iets 'gepas' te sê nie. Help die persoon om net saam te gaan met die normale lewensgang deur byvoorbeeld eenvoudig na kerk te sê: "Dis vreeslik koud vandag, kom ons gaan kry lekker warm tee." Of gesels gewoon oor voor die handliggende dinge. Vermy eerder die (droewige) saak wat jy huiwerig is om aan te spreek, as wat jy die persoon vermy.
- Wees ook versigtig om mense wat swaarkry nie emosioneel bloot te stel tussen ander mense deur onverwagte onversigtige vrae of opmerkings nie. Dis altyd goed bedoel, maar vir 'n weerlose gemoed nie maklik hanteerbaar nie.
- Een moeilike aanpassing is om weer in 'n groep te beweeg. Dit neem 'n tyd voor 'n weduwee weer sosiaal kan verkeer. Vir sommiges voel dit byna soos verraad teenoor die man wat sy lief gehad het om vrolik en gesellig saam te kuier. Dis ook moeilik omdat dit tyd neem om jouself werklik as 'alleen' te leer ken en ervaar. Vir party neem dit langer as vir ander.
- Gee dus ruimte daarvoor en moenie probeer om mense te dwing om aan aksies deel te neem of hulle in groepe betrek as hulle nie reg is daarvoor nie. Omdat ons verskil, is daar dié wat juis omring wil wees van mense, maar ons moet sensitief wees vir hoe die persoon voel.
- Dit is duidelik dat ons spasie en tyd moet gee vir die persoon om te rou en aan te pas, maar tog is liefde en vriendskap uiters nodig: Gewone opregte vriendskap help 'n persoon om op te kom vir suurstof!
- Op die praktiese vlak is die versorging van die gemeentes rondom die begrafnis kosbaar. Tog reken ek ons moet ook op die uitkyk moet wees vir ander praktiese dinge waarmee gehelp kan word. Een so 'n saak is die ingewikkelde prosesse rondom finansies en die afhandeling van die boedel. As 'n weduwee nie iemand naby aan haar het wat haar hiermee kan by te staan nie, sou dit waardevol wees as iemand met die regte kennis bystand verleen.

Ek sien baie van die alleenvroue wat (weer) hulle plek in die gemeente gevind het. Ek sien hoe hulle ander inspireer by Bybelstudies, gevorm en gelouter deur hulle swaarkry. Ek sien hulle as diakens; by die sopkombuise; by die tronkbediening, oral waar hulle diensbaar kan wees. En ek weet hierdie vroue is 'n krag in die gemeente – hulle waarde meer as korale. Kom ons bid diep en ernstig dat die alleenvroue onder ons rus by God kan vind, en dat die gemeente vir hulle die verpersoonliking van God se liefde en warmte kan wees. V